**Maart - April 2015**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 14, No. 2 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2014 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

*Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur*

# Geopende deure vir die Evangelie

Die meeste van u wat hierdie tydskrif lees, is vertroud met *Tomorrow's World* se beeldsendings. In daardie uitsendings sluit hierdie tydskrif se hoofredakteur, dr. Roderick C. Meredith en twee ander aanbieders, mnr. Rod King en mnr. Wallace Smith by my aan om die ware Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God met die kykers te deel.

Terloops, in hierdie uitgawe van die *Wêreld van Môre*-tydskrif verskyn artikels van ons al vier. Maak seker dat u dr. Meredith se kragtige artikel elders in hierdie tydskrif, "Waarom verkondig die meeste kerke nie die Waarheid nie?" lees. As 'n leser van die *Wêreld van Môre*-tydskrif, is u waarskynlik reeds deeglik bewus daarvan dat ons die suiwer waarheid van die Bybel verkondig, soos dit deur Jesus Christus en die Apostels verkondig en beoefen is. Die meeste hedendaagse kerke het ver afgedwaal van die onvervalste Bybelse leerstellings van Jesus Christus – selfs baie eerlike predikante erken dat hulle van beter weet, maar dat hulle eenvoudig verkondig wat húlle glo die mense graag wil hoor. Dr. Meredith se artikel is 'n kragtige uitdaging aan hulle en aan elkeen van ons, om vas te hou aan die waarheid van die Skrif.

Wie het dan die waarheid? God se Kerk het die waarheid! Presies wat is die waarheid en waar kan dit gevind word? Mnr. Smith se artikel elders in hierdie tydskrif vra hierdie lewensbelangrike vraag. In my artikel elders in hierdie tydskrif word hierdie tema van "waarheid" voortgesit en word die waardes wat die fondament van wat ware onderwys en opvoeding behoort te wees, ondersoek.

Mnr. King se artikel ondersoek ook die waarheid wat agter die Bybelse oorsprong van die hedendaagse Ierse volk lê.

Ons vier wat die *Tomorrow's World*-beeldsendings aan die Engelssprekende nasies aanbied – in der waarheid die hele *Tomorrow's World/Wêreld van Môre* se personeel – is baie dankbaar dat Christus besig is om meer deure dwarsoor die wêreld oop te maak vir die verkondiging van die Evangelie. In 2013 het ons begin om die *Tomorrow's World* se TV-program in Rusland en omliggende gebiede uit te saai. Ons het ook begin om in Latyns-Amerika in Spaans oor die JBN-netwerk uit te saai en in Suider- en Sentraal-Afrika oor die CTV-netwerk. In Hong Kong word 'n spesiaal aangepaste weergawe van die *Tomorrow's World* se beeldsending, met Chinese onderskrifte uitgesaai. 'n Aantal boekies is in Chinees beskikbaar op *TomorrowsWorldHK.com*.

Op 1 Januarie 2014 het ons begin met die uitsending van die *Tomorrow's World* se TV-program in Indië, die nasie met die tweede

grootste bevolking ter wêreld (1,2 miljard). Ons het met omsigtigheid met 'n beperkte gehoor van sowat 1,5 miljoen naby die stad, Goa, begin.

Op 21 Januarie 2014 was 90 miljoen huishoudings in staat om dié uitsending op Dinsdae om 07:00 v.m., OT op BET-netwerk te sien. Op 22 Januarie het ons op Woensdae, 08:00 n.m., Londen tyd, na 45 miljoen huishoudings in Europa en Noord-Afrika op *Faith World* se TV-netwerk begin uitsaai. Op 23 Januarie het ons op Donderdae oggende om 07:30 v.m., OT, na 50 miljoen huishoudings op die *ION Nasional Cable Platform*-netwerk begin uitsaai.

Dankie vir u ondersteuning en gebede vir hierdie media-inisiatief. Jesus het gesê: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n *getuienis* vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Mattheüs 24:14). Christus het aan ons 'n opdrag gegee om die wêreld voor te berei vir Sy wederkoms!

Soos u weet, verkondig ons ook die Evangelie deur middel van die Internet – wat bereikbaar is vir die meeste nasies en ons is baie dankbaar vir ons Spaanse en Franse webwerwe, *MundoManana.org* en *MondeDemain.org*. Op dié twee webwerwe kan u die *Tomorrow's World* se beeldsendings in Spaans en Frans sien en toegang verkry tot gratis publikasies. Duitssprekende intekenaars is vertroud met ons webwerf *WeltVonMorgen.org*.

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Geopende deure vir die Evangelie**
Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Waarom verkondig die meeste kerke nie die Waarheid nie?** 3
Sommige mense ken die waarheid, maar is bang om dit te verkondig. Ander mense ken nie eers die waarheid nie. Wat kan u doen om dit self uit te vind?

**Ware Onderwys: Is dit te vinde?** 8
Wat kan u doen om seker te maak dat u die waarheid leer met so baie onkunde en misleiding rondom ons?

**Londen Roep: Wie is die Iere?** 12

**Wat is waarheid?** 14
Kan die waarheid deur die wetenskap, filosofie of materialisme gevind word? Bestaan absolute waarheid werklik? U behoort te weet!

**Twee-en-sewentig uur** 18
Jesus Christus het Sy hele bediening op die spel geplaas op 'n sleutel-profesie wat die meeste belydende Christene ignoreer of selfs ontken!

**Môre se Jeug** 21
Streef na wysheid!

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australasië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Waarom verkondig die meeste kerke nie die Waarheid nie?

Deur Roderick C. Meredith

*Hierdie tydskrif verkondig die eenvoudige waarheid van u Bybel. U kan dit aan uself bewys. Jesus Christus verwag nie van Sy volgelinge om 'n graad in teologie te verwerf om Sy leerstellings te verstaan nie. Waarom is soveel miljoene mense wat hulleself "Christene" noem, dan heeltemal onbewus van Christus se werklike boodskap?*

Ons hele Westerse – voorheen "Christelike" – samelewing, is besig om *vinnig te verander*. Baie opvoeders en skrywers het opgemerk *hoe vinnig* totaal nuwe idees oor dieselfde-geslag huwelike aanvaar word, die wettiging van dagga, *vervolging* – dikwels staatsgedrewe *vervolging* – van mense wat leerstellings van die Bybel volg, wat voorheen deel was van die diepgewortelde struktuur van ons samelewing!

Die oorgrote meerderheid van die "Christelike" kerke **doen egter mee** met hierdie onbybelse idees en praktyke – of hulle verkondig en *moedig selfs 'n paar daarvan aan!* Ons het dus deesdae erkende lesbiese predikante in 'n toenemende aantal kerke. Die meeste sogenaamde "Christelike" predikante neem selfs deel aan die praktyk waar mans sogenaamd met ander mans "*trou*"!

**Nou toe nou**! *Wat is volgende?* Groepshuwelike? Verskeie mans wat gelyktydig met mekaar "trou"? Wanneer hulle probeer om mense daarvan te oortuig dat diere ook intelligensie en gevoelens het "net soos ons", sal *bestialiteit* die volgende "burgerlike reg" word? Indien u al die idees en redenasies wat in omloop is noukeurig volg, is die antwoord waarskynlik "*ja*"! Ons wil tog nie graag **diskrimineer** teen mense wat werklik "lief" is vir hulle troeteldiere nie, wil ons?

## Wat ONTBREEK?

Die probleem met sulke menslike redenasies is dat dit die Skepper van die mensdom en *Sy geïnspireerde Woord* buite rekening laat. *Indien* die Bybel enigsins in berekening gebring word, word dit byna altyd op 'n onvolledige of selfs spottende wyse gebruik.

'n Groot probleem is dat die meeste kerkgangers – selfs die meeste predikante – die Bybel nie letterlik opneem nie. Die kweekskole – of teologiese *begraafplase* soos hulle sekerlik genoem behoort te word – het vir *baie dekades* lank met idees wat oorspronklik van Duitse "Bybelkritiek" afkomstig is, in hulle jong studente ingepomp. Studente word voortdurend gebombardeer met die idee dat 'n werklike, persoonlike **God** van mag en geregtigheid waarskynlik nie eers bestaan nie en dat die Bybel self oor baie eeue heen saamgestel is deur verdeelde en verwarde mense, *sonder* die onfeilbare leiding van 'n Skepper. Hierdie mense sê dat dit duidelik is dat die "wonderwerke" van Jesus en ander dienaars van God bedoel is as metafore of "onderrigmetodes" om, op een of ander manier, God se liefde en genade te beskryf – **indien** hierdie vae God enigsins wel as 'n Goddelike Persoonlikheid bestaan!

Hierdie studente, beroof van hulle voormalige eenvoudige geloof, gaan dan voort om hulle gemeentes te leer. Dit is dus geen verrassing dat die gemiddelde kerkganger in Amerika, Kanada, Brittanje en Australië [en selfs Suid-Afrika] byna heeltemal **onkundig** is oor die Bybel en wat dit werklik sê, nie.

Hoe *sal* al hierdie dinge **u lewe** raak? *Inderdaad, baie kragtig!* Spesifieke profetiese aanwysers dui daarop dat ons naby aan die einde van die tydperk van Satan se heerskappy oor hierdie aarde is. Christus sal *binne die leeftyd* van die meeste van u wat hierdie artikel lees terugkeer. Namate ons nasies hulle egter *distansieer* van God

en van elke oorblyfsel van Christenskap, sal God die onboetvaardige, opstandige mense van die aarde verneder!

Hoe kan u dus voorberei om dit wat gaan kom te oorleef? *Iewers* op hierdie aarde is daar 'n ware Kerk van God. Hierdie Kerk *verstaan* werklik die Waarheid van God se *doel* en wat geprofeteer is oor dit wat voorlê. Diegene wat *getrou* is in daardie ware Kerk, sal na 'n “Plek van Veiligheid” iewers *op hierdie aarde* geneem word (Openbaring 12:13-17). Die “vrou” – die *ware Kerk* – sal “na die woestyn” geneem word (vers 14). Let daarop dat die **hemel nooit** 'n woestyn genoem word nie! Satan sal probeer om die vrou te vernietig (vers 15) en hy sal gaan om “oorlog te voer” teen die res van haar nakomelinge “wat **die gebooie van God bewaar** en die getuienis van **Jesus Christus** hou” (vers 17).

Hierdie Gees-geleide Kerk, wat *binnekort* na 'n plek van veiligheid geneem sal word, *bestaan op hierdie oomblik*. **U** persoonlik behoort uit te vind waar dit is! U behoort bereid te wees om die “Skrifte [te] ondersoek”, soos die mense van Berea (Handelinge 17:11) en aan uself te **bewys** dat die Bybel geïnspireer is en dat 'n *werklike* God vandag 'n ware Kerk op hierdie aarde het. Dan behoort u volgens daardie inligting te reageer!

**U behoort iets te DOEN!**

Indien u *uitstel*, grappies maak en *niks doen nie*, kan u moontlik in die komende geprofeteerde “Groot Verdrukking” wat Jesus Christus spesifiek voorspel het, beland (Mattheüs 24:21-22). Jesus het baie duidelik aangedui dat Sy ware volgelinge sou “vlug” om hierdie verdrukking te ontsnap. Hy beveel: “En bid dat julle vlug nie in die winter of op die Sabbat mag plaasvind nie” (vers 20). Indien u versuim om te **handel** volgens hierdie geïnspireerde opdragte, sal u hele lewe *rondom u in duie stort* en u sal *uself verafsku* vir u luiheid en onwilligheid om die sleutelkwessies van die lewe te **bewys**: **Is** daar 'n ware God? **Is** die Bybel die geïnspireerde openbaring van God aan die mensdom? **Is** daar vandag 'n *ware Kerk* op aarde onder God se direkte leiding?

Al hierdie kwessies is *van kardinale belang*. Dit sal bepaal of u sal leef en of u oor die volgende paar jaar tydens die Groot Verdrukking en die dag van die Here sal sterf en of u werklik die ware **doel** van u Skepper sal *verstaan* – Hy wat ons na Sy beeld gemaak het en wat wil hê dat ons vir ewig *Sy werklike seuns* in Sy Koninkryk en Gesin moet word.

Indien u versuim om op te tree, sal u die geleentheid verbeur om *uself voor te berei* om een van daardie konings en priesters te wees van wie Jesus Christus gepraat het, wat binnekort onder Hom sal **regeer** in Sy vinnig naderende Regering oor hierdie hele wêreld (Openbaring 5:9-10).

Ja, u sal regtig ontsettend *baie* dinge verbeur indien u nie werklik aandag gee aan Jesus se basiese opdrag nie: “Maar soek **eers** die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:33).

Volgens profesieë sal baie mense dit misloop. Miljoene kerkgangers *en hulle predikante* leef inderdaad in byna totale **onkunde** oor die ware *doel* van God en van die werklike *begrip* van Sy geïnspireerde Woord. Nadat Jesus die toekomstige valse profete beskryf het sê Hy: “Aan hulle **vrugte** sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte

**MILJOENE AMERIKANERS, KANADESE EN BRITTE [ASOOK SUID-AFRIKANERS] WOON ’N KERK BY, SÊ STANDAARD GEBEDE OP, SING LIEDERE, KLAP HULLE HANDE EN HOOP HULLE LEER IETS WAARDEVOLS.**

boom dra slegte vrugte" (Mattheüs 7:16-17). Dus is die "vrugte" – die **resultate** – van moderne "kerkdom", samelewings wat byna heeltemal sonder ware begrip van die Bybel is. Dit sluit 'n bediening in wat hoofsaaklik betrokke is by 'n tipe "maatskaplike werk" – hulle doen min goeie werk in so verre dit gaan om mense te help om God of Sy doel te verstaan. Hierdie predikante is self **mislei**. Nadat Jesus na die godsdienstige leiers van Sy dag verwys het, sê Hy: "Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val" (Mattheüs 15:14). Die Bybel beskryf dit herhaaldelik *uiters duidelik*. God vertel ons van Satan die duiwel: "... wat die **hele wêreld** *verlei* [*mislei*]" (Openbaring 12:9).

Word mense werklik mislei? Navorsing wat gedoen is in opdrag van die Amerikaanse Bybelgenootskap het bevind dat die meerderheid Amerikaners (69%) glo die Bybel verskaf antwoorde oor hoe om 'n sinvolle lewe te lei. Terwyl 79% egter glo dat hulle kundig is aangaande die Bybel, was 54% nie in staat om die eerste vyf boeke van die Bybel korrek te identifiseer nie. Ongeveer die helfte van die Amerikaners wat ondervra is, kon nie die vernaamste verskille tussen die leerstellings van die Bybel, die Koran en die Boek van Mormoon beskryf nie. 46% het gesê hulle glo al drie boeke leer ons dieselfde geestelike waarhede (*American Bible Society*, *State of the Bible 2012*).

*Nou toe nou!* Met so 'n jammerlike begrip van die geïnspireerde Woord van God is dit **geen wonder** dat mense maklik mislei en gemanipuleer word nie. Dit is dus *geen wonder* dat baie van u wat **hierdie artikel lees,** nie baie begrip van die Bybel – of van die spesifieke profesieë van die Bybel – in die kerke wat u bygewoon het, verkry het nie. U was in **onkunde**, selfs al het u die grootste gedeelte van u lewe gereeld u kerk bygewoon!

## Predikante moet WAKKER WORD!

Ek wil nie graag die gevoelens van predikante of priesters regoor die wêreld seermaak nie, maar *Ek is* as 'n ware dienaar van die lewende God *verplig om te sê*: Die meeste van u moet gerus **wakker skrik**! Die meeste van u het absoluut u plig versuim om die basiese waarhede in die Bybel te verkondig. U gemeentes is in absolute **verwarring**! 'n Artikel in die *Insight Magazine* dui aan: "Mense is op soek na troos en antwoorde. Die rede waarom mense nou die kerk verlaat, is omdat hulle ernstige vrae het oor waar hulle dogter wat gesterf het is, of hoe die wêreld gaan eindig. Kerke bied musikale produksies en voedsel aan, maar hulle beantwoord nie dié vrae nie" (27 Mei 2002).

*Miljoene* Amerikaners, Kanadese en Britte [asook Suid-Afrikaners] woon 'n kerk by, sê standaard gebede op, sing liedere, klap hulle hande en hoop hulle leer iets waardevols. Hulle leer egter **nie** om werklik die geïnspireerde woord van God te verstaan nie. Hulle word **nie** in besonderhede van die redes geleer **waarom** hulle eintlik gebore is, wat die uiteindelike **doel** van die lewe is en **hoe** om daardie doel te bereik nie. Hulle word nie van die talle *spesifieke profesieë* wat nou begin gestalte aanneem en die invloed wat dit op *hulle lewens* oor die volgende dekade of twee sal hê, vertel nie. Daar word **nie** die "hele raad van God" aan hulle geleer soos wat die apostel Paulus dit verkondig het nie (Handelinge 20:27).

In 'n geïnspireerde gedeelte in Hosea – 'n boek wat die Almagtige God *direk geïnspireer* het as 'n boodskap aan die nasies van Britse afkoms in Amerika en die nasies van die Britse Statebond – sê God: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die **wet** van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hoe meer hulle vermenigvuldig het, des te meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle heerlikheid in skande verander" (Hosea 4:6-7). Namate die mag en rykdom van Amerika en die Britse volke toegeneem het, het ons ons beslis van God *gedistansieer*. Ons het beslis die **wet** van die Almagtige God, die Tien Gebooie, vergeet! Terwyl God weereens van ons mense praat, sê Hy: "Ek het hom tienduisende

*leringe* van my wet voorgeskrywe, *maar* dit word as iets vreemds geag" (Hosea 8:12).

**Nadat** hierdie mense deur die Groot Verdrukking wat nog voorlê gegaan het, sal die Almagtige God hulle terugbring na hulle eie lande en 'n "nuwe verbond" sluit met die Huis van Israel **en** met die Huis van Juda – *twee afsonderlike* volke wat uiteindelik herenig sal word. Sal daardie verbond – wat binnekort deur Christus gesluit sal word – op enige manier **wegdoen** met die fundamentele geestelike wet, die Tien Gebooie van die Almagtige God? **Glad nie**! God sê dan tog aan ons: "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: *Ek gee my* **wet** *in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart*; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (Jeremia 31:33).

U eie Bybel vertel tog herhaaldelik aan u dat wanneer Christus se Koninkryk binne 'n paar jaar op hierdie aarde gevestig is, **al** die nasies daarheen sal stroom. God se geïnspireerde wet sal die **grondslag** van die hele gemeenskap wees: "En aan die **einde van die dae** sal die berg van die huis van die HERE vas staan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die* **wet** *uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Jesaja 2:2-3).

**Christus se direkte OPDRAG**

Byna alle belydende Christene verstaan dat ten einde 'n aanvaarbare offer vir die mensdom se sondes te kon wees, Jesus Christus die wet volmaak moes onderhou. Watter wet het Hy egter onderhou en wat het Hy van Sy volgelinge verwag? Christus beskryf self Sy lewenstaak as volg: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie" (Mattheüs 5:17-20).

Baie mense verstaan deesdae nie die *lewensbelangrikheid* van hierdie woorde nie! Christus sê dat nie "een jota of een titteltjie" (die kleinste merkies in die Hebreeuse skrif) van die wet sal verbygaan voordat die hemel en die aarde verbygegaan het nie. Aangesien die hemel en aarde nog nie verbygegaan het nie, moet ons verstaan dat die wet nog bly bestaan. Christus het diegene veroordeel wat ander mense valslik leer om selfs die "minste van hierdie gebooie" te verbreek. Inteendeel, Hy het verduidelik dat diegene wat die gebooie **doen** en ander so **leer,** "*groot*" genoem sal word in die Koninkryk van die hemele! *Kan enigiets* **duideliker** *wees*?

Het Sy "vervulling" van die Wet op een of ander manier hierdie Gebooie verander? Het dit dalk na Christus se opstanding verander? Nee! Die hemel en die aarde het nie verbygegaan met Sy opstanding nie. Ons moet verstaan wat Hy bedoel het toe Hy gesê het dat Hy die wet sou "vervul".

Met ander woorde, Jesus het gekom soos Jesaja voorspel het (Jesaja 42:21), om God se wet "groot en heerlik" te maak en die volle *bedoeling* en *doel* daarvan aan te toon. Wat Jesus Christus wou afskaf was die misbruik van die wet en die mensgemaakte "tradisies" wat dit verdraai. Sy offerdood, versinnebeeld deur die tempeloffers, het daardie diereoffers en wassinge irrelevant vir Christene gemaak. Sy lewe het nogtans getoon dat die *geestelike* wet – die Tien Gebooie – *nog van toepassing is en so sou bly* vir diegene wat aan Hom gehoorsaam wil wees. 'n Mens kan nie Sy leerstellings na behore verstaan sonder begrip van die Ou-Testamentiese geskrifte en die wet wat daarin vervat is nie.

Satan die duiwel het op 'n subtiele wyse die meeste van vandag se predikante mislei om te glo dat Christenskap 'n splinternuwe soort godsdiens is – oënskynlik *afgesny* van die Ou Testament en die leerstellings wat God deur Moses gegee het. Hoewel sommige mense nie daarvan bewus is nie, het 'n definitiewe **anti-**Joodse vooroordeel in die vroeëre Christendom ingesluip en *duur voort tot op hierdie dag*!

Die Bybelse en historiese feite toon dat Christenskap 'n voortsetting was – 'n vergroting en **verheerliking** van die leerstellings wat God deur Moses gegee het – dit is ***nie*** iets splinternuut nie! Die apostel Paulus is geïnspireer om in die *Nuwe* Testament aan heidense Christene in Efese te verduidelik: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die ***fondament*** van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is" (Efesiërs 2:19-20). Daar bestaan dus 'n basiese deel van die werklike "fondament" van ware Christenskap in die geskrifte en leerstellings van die *Ou-Testamentiese profete* – daardie geskrifte waarna Christus en die Apostels telkens as die "Skrif" verwys!

Jesus Christus was 'n besnede *Jood* (Lukas 2:21-22; Hebreërs 7:14). Dit was sy "gewoonte" om die sewende-dag Sabbat te onderhou – saam met die ander Jode (Lukas 4:16). Sonder om God se Sabbat af te skaf, het Jesus gesê dat die Sabbat vir die **mens** gemaak is – ***nie*** net vir die Jode nie en Christus het ook gesê dat *Hy* die "Here" van die Sabbat is (Markus 2:27-28). Die Sabbat is dus in werklikheid die ware "dag van die Here" in soverre dit 'n dag van rus en aanbidding is!

Lank na die kruisiging was dit die apostel Paulus se "gewoonte" om ook die sewende-dag Sabbat te onderhou (Handelinge 17:2). Ons vind ook dat Paulus die jaarlikse Bybelse feeste soos Pinkster (1 Korinthiërs 16:8), Pasga en Ongesuurde Brode (1 Korinthiërs 5:7-8) en ander feeste onderhou het.

Die ware Kerk van God – wat ***twaalf keer*** in die Nuwe Testament die "Kerk van God" *genoem* word – het op Pinksterdag, een van die sewe jaarlikse Sabbatte wat God aan Israel gegee het, begin. Christus self sal terugkeer met die "sewende basuin" (Openbaring 11:15) – uitgebeeld deur die Fees van Basuine, nog een van die Bybelse Heilige Dae. Die lewende Jesus Christus, wie die *hele Bybel* geïnspireer het, het ook Sy dienaar Sagaria geïnspireer om te verduidelik dat ná Christus se wederkoms, die ***hele wêreld*** die Huttefees sal onderhou (Sagaria 14).

**Beoefen die Christenskap van CHRISTUS!**

Ware Christene wat die Bybelse Sabbatte en Bybelse feeste onderhou, is in werklikheid **baanbrekers**. Hulle volg nie net die **patroon** van die oorspronklike Christenskap wat deur Jesus Christus onderrig en beoefen is na nie, hulle is besig om die ***Lewensweg* te baan** wat binnekort deur ***al*** *die nasies* in die wêreld van môre geleer sal word!

Die sewende-dag Sabbat beeld die heerskappy van Christus tydens die toekomstige sewende millennium van die mens se geskiedenis uit. Dit is die "rus" wat God heel van die begin af beveel het (Hebreërs 4:4). Dit is waarom Paulus geïnspireer is om te skryf: "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God" (vers 9). Dit is belangrik om te besef dat die Griekse woord wat hier as "rus" vertaal word *sabbatismos* is – die "hou van 'n Sabbat" – terwyl *katapausin* die gewone Griekse woord vir rus is en dus gebruik word in die res van Hebreërs 4.

God se Sabbat en Sy jaarlikse Heilige Dae beeld Sy groot ***Plan*** uit. Ware Christenskap behels natuurlik **veel meer** as die onderhouding van die Bybelse Sabbatte. Dit behels 'n hele ***lewensweg*** wat gebaseer is op Jesus se voorbeeld en Sy leerstellings: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van ***elke*** woord van God" (Lukas 4:4). Regdeur die hele Bybel, wys God se Woord ons herhaaldelik en duidelik daarop dat *gehoorsaamheid* aan die Tien Gebooie die ***lewenswyse*** is wat die Almagtige God vir Sy ware "heiliges" voorskryf: "Hier kom die lydsaamheid van die **heiliges** te pas; hier is hulle wat *die* **gebooie** *van God en die* **geloof** *in Jesus* **bewaar**" (Open-

***Vervolg op bladsy 19***

# Ware Onderwys: Is dit te vinde?

**Deur Richard F. Ames**

*Groot gedeeltes van die moderne onderwys is gebaseer op ateïstiese of selfs anti-Goddelike konsepte. In die komende Millennium sal God se wyse 'n algehele omwenteling in die onderwys meebring. U kan egter God se egte waardes van onderwys nou reeds ervaar!*

Wat neem die Tien Gebooie en gebed se plek in noudat dit in baie Amerikaanse klaskamers verbied is? Selfs al is die meeste van die land se belangrikste en mees prominente universiteite in die naam van Christelikheid gestig, ignoreer die meeste opvoeders vandag die grondslag van die waarheid – God se woord. Studente word geleer dat daar geen absolutes en geen opperste gesag is nie, behalwe die eie ek. In plaas van God se ewige wet, word aan hulle humanisme en materialisme geleer.

Hoe het ons opvoedkundige stelsels hulle klem verskuif? Baie universiteite wat gestig is om die Bybel te doseer en God se morele wet te handhaaf, het teen die 1960's hawens geword van nihilisme en anti-God sentimente. Aan die begin van die 19de eeu, neem hulle die struktuur en later die ideale van die Duitse universiteite en filosowe aan.

'n Sleutelfiguur onder hierdie filosowe was Friedrich Nietzsche, wie se filosofie nie net ateïsties was nie, maar ook sterk anti-Goddelik. Hy het geskryf: “God is dood, maar gegewe die weg van die mens, mag daar dalk nog vir duisende jare grotte wees waarin sy skaduwee gesien sal word. Ons behoort nog sy skaduwee ook te oorwin” (*The Gay Science*, Nietzsche, 1882, deel 108). Nietzsche is nou dood, maar sy filosofie lewe tot vandag toe in die gedagtes van die anti-Goddelikes voort. Gedurende die onstuimige 1960's spring dit selfs uit die filosofie-boeke tot in die hoofnuus-opskrifte, toe die gerespekteerde tydskrif *TIME* op die buiteblad van sy 8 April 1966 uitgawe vra: “Is God dood?”

Baie intellektueles van die 18de en 19de eeue het korrek ingesien dat die Christenskap van sy apostoliese oorsprong afgedwaal het en dat hulle die heidense gebruike van die omliggende gemeenskap oorgeneem het. In plaas daarvan om die moderne onderwys op die Christelikheid se ware fondament te herbou, het baie intellektueles probeer om daardie grondslag heeltemal te vernietig! Hulle verwerp een soort valse godsdiens en die valse onderwys daarvan, maar probeer om dit te vervang met godlose onderwys eerder as goddelike onderwys.

**Die ware grondslag van onderwys**

Die Christenskap, soos verkondig en beoefen deur Jesus Christus en die Apostels, het 'n voorbeeld vir alle tye gestel. Daardie voorbeeld het die navolging van die geestelike wette van God – die Tien Gebooie – ingesluit, so ook die weg van liefde wat deur Jesus Christus geleer is toe Hy vir Sy volgelinge gesê het: “As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:31-32).

In teenstelling hiermee lees ons 'n skokkende verklaring in die boek Openbaring: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat **die hele wêreld verlei**, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9).

Hierdie groot gevalle engel wat die duiwel en Satan genoem word, mislei nie net 'n paar mense nie, maar die oorgrote meerderheid. Om bloot deel te wees van die een-derde van die mensdom wat hulleself “Christene” noem, is geen waarborg dat 'n mens nie mislei is nie!

Presies wat is hierdie waarheid waaroor Satan die hele wêreld mislei? Daar is natuurlik wetenskaplike waarhede wat getoets en bewys kan word. Die wetenskap kan tot 'n mate, die “wat” en “hoe” van natuurwette

beskryf, maar dit kan nie die **waarom** van ons bestaan verduidelik nie! Sulke waarhede strek verder as die natuurwette en kan slegs verklaar word deur die Een wie daardie wette geskep het. Wat sê die Skepper dus van die waarheid? Terwyl Jesus tot Sy Vader gebid het op die aand voor Sy kruisiging, bid Hy vir Sy dissipels: “Heilig hulle in u waarheid; U woord is die waarheid” (Johannes 17:17).

Ja, God se Woord is die waarheid! U kan gerus aan uself bewys dat die Bybel die openbaring van die Skepper-God is. Die apostel Paulus skryf: “Die hele Skrif is deur God ingegee” (2 Timótheüs 3:16). Die Griekse woord wat vertaal word as “ingegee”, is *theopneustos* en beteken “geïnspireer” of “goddelik uitgeasem”. Die Engelse *New International Version* vertaal dit as volg: *All Scripture is God-breathed*. Terwyl Paulus dit geskryf het was die boeke wat ons die “Ou Testament” noem die enigste gekanoniseerde “Skrif”. Vandag wil baie Christene egter die duidelike leerstellings van die Ou Testament ignoreer en neem hulle slegs die Nuwe-Testamentiese geskrifte in aanmerking. Die Nuwe Testament verskil egter: Die **hele** Skrif is deur God ingegee, geïnspireer of uitgeasem!

## Hoe leer 'n mens?

Ware onderwys moet gebaseer wees op die waarheid wat God geopenbaar het in Sy Woord. Hoeveel administrateurs van universiteite, professore of studente weet wat die werklike doel en betekenis van die lewe is? Die meeste aanvaar die evolusionêre konsep dat die mens slegs 'n dier is.

Is dit dan waar? Is daar dalk iets wat 'n onderskeid maak tussen 'n dier se brein en die menslike verstand? Wetenskaplikes weet dat die menslike brein baie meer “werkverrigting” lewer vir die gewig daarvan in vergelyking met ander spesies sin. 'n Paar wetenskaplikes het tot die slotsom gekom dat hierdie kapasiteit slegs verduidelik kan word deur die teenwoordigheid van 'n geestelike komponent. Hierdie wetenskaplike gevolgtrekking, hoewel nie algemeen aanvaar nie, stem ooreen met die geopenbaarde Skrif. Die apostel Paulus skryf: “Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?” (1 Korinthiërs 2:11).

Die gees wat Paulus hier beskryf is nie die Heilige Gees nie en ook nie 'n “onsterflike siel” nie. Dit is 'n geestelike essensie wat met die fisiese brein kombineer om mense baie meer te bemagtig as diere (Job 32:8). Hierdie begrip strook met die wetenskap en die Skrif en dit verduidelik 'n aspek van die menslike verstand wat 'n raaisel vir die meeste opvoeders en “kenners” bly. Sir John Maddox, redakteur-emeritus van *Nature*, skryf in 'n klassieke *Time magazine* artikel: “Hoe die brein dit regkry om te dink, is 'n strikvraag met 'n millenniale tydskaal. Alle diere het 'n brein om hulle in staat te stel om rond te beweeg. Seine van die sintuie – oë, ore, neusgate of vel, wat die geval ookal mag wees – stuur boodskappe na die rugmurg, wat die ledemate op die gepaste wyse laat reageer. Denke behels egter dat alternatiewe reaksies oorweeg word, waarvan baie nog nie ervaar is nie, maar slegs in die verbeeldingsoog gesien word. Die vermoë om bewus te wees van wat in die kop aangaan is 'n verdere raaisel. Binne die volgende eeu sal elektroniese winkels (of webtuistes) allerhande soorte toestelle adverteer wat 'n paar funksies van die menslike brein sal naboots, maar neuro-wetenskaplikes sal nog steeds sukkel om die denkende masjien in ons koppe te verstaan” (*Thinking*, *TIME*, 29 Maart 1999, bl. 206).

Maddox, 'n wêreldbekende fisikus, het voorspel dat selfs die raaisel van menslike denke binne die volgende eeu steeds nie opgelos sal wees nie. Wanneer 'n mens die Skrif verstaan, sien ons dat onderwys wat slegs op materiële en fisiese kennis gebaseer is, hopeloos te beperk is. Wanneer 'n opvoedkundige stelsel die bestaan van God en van gees verwerp, verwerp dit die fundamentele werklikheid en die beslissende waarheid!

## Die mensdom se mislukte onderwysstelsel

Indien ons moderne onderwysstelsel nie al die antwoorde wat ons soek oplewer nie, behoort ons dan beïndruk te wees met die stelsel self? Universiteite kan sekerlik

suksesvolle onderrig aanbied in sommige gebiede van materiële kennis. Wat gebeur dan wanneer hierdie instellings afgesny word van die waardes waardeur hulle gelei behoort te word?

Wat gaan aan in die moderne universiteit? 'n Ongelukkige akademikus skryf die volgende: "Die gemiddelde Amerikaner dink steeds dat die klaskamer die middelpunt van aktiwiteite van 'n universiteit is. Omdat dit goeie verhoudings met die publiek tot gevolg het (sowel as met die wetgewer), moedig universiteite se administrateurs sulke vergesogte idees aan. Universiteite onderling weet egter hoe anakronisties en totaal verkeerd hulle is. 'n Visekanselier van 'n *Big Ten* Universiteit is gevra om die missie van sy universiteit te beskryf, waarna hy vyf afsonderlike areas van verantwoordelikheid gelys het: Ekonomiese ontwikkeling, diens aan die staat, die skepping van nuwe kennis, opleiding van nagraadse studente *en heel laaste*, *onderrig gee*" (*Profscam*, Sykes, bl. 29).

Die moderne universiteit het afgedwaal van sy oorsprong af. Nie net minimaliseer dit die onderrig van waardes nie, dit minimaliseer ook die waarde van onderrig. Daar is sekerlik waarde in navorsing, ekonomiese ontwikkeling en openbare diens, maar ware onderwys, soos die Skrif dit voorhou, strek egter veel verder as die bevordering van kennis. Studente moet geestelike waardes geleer word, waarsonder al die ander werksaamhede tot ondergang sal lei!

Kan 'n mens waarlik opgevoed word sonder om te onderskei tussen reg en verkeerd? Die apostel Paulus veroordeel kragtig die intellektuele mense wat die waarheid en die werklikheid van God verwerp: "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid **die waarheid onderdruk**, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword" (Romeine 1:18-22).

Dwarsdeur die Bybel is aanklagte teen anti-Goddelike onderwys baie sterk: "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle *hul* dade; daar is niemand wat goed doen nie. Die HERE het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie. Het al die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie, die wat my volk opeet *asof* hulle brood eet? Hulle roep die HERE nie aan nie" (Psalm 14:1-4).

**God: Die Grootste Leermeester**

Ware onderwys moet gebaseer word op die waarheid van God. Alle ander fondamente is slegs ydelheid. Slegs 'n Christen met 'n bereidwilligheid om die Here aan te roep – om van die Groot Onderwyser te leer en Sy voorbeeld te volg, sal 'n behoorlike fondament bou om ware kennis te ontvang. Jesus Christus het Sy studente geleer: "... as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matteüs 19:17). Hy noem daarna verskeie van die Tien Gebooie.

Waarom is die Tien Gebooie die grondslag van ware opvoeding? Omdat dit duidelik aan ons vertel wat reg is en wat verkeerd is! Dit openbaar die weg van vrede en voorspoed wat God vir die hele mensdom bestem het. Wat gebeur met diegene wat God se duidelike wette ignoreer? Die apostel Paulus skryf: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai" (Galasiërs 6:7-8).

Koning Dawid van ouds het van die onderwys wat van 'n stewige fondament afkomstig was, geskryf: "Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele

dag. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele. Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek u woord kan bewaar. Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, want Ú het my geleer" (Psalm 119:97-102).

God het Koning Dawid geleer en Hy wil al Sy mense leer. Eers wanneer 'n mens begin om die geestelike wette van God toe te pas, soos geleer word uit die Bybel en wat deur Jesus Christus beklemtoon word in die Bergpredikasie, kan u beter begrip en ware kennis hê. Ons lees in Psalm 111:10: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand."

Indien u daarna streef om Hom te gehoorsaam, sal God deur die Heilige Gees geestelike kennis aan u openbaar. Paulus gaan voort deur die verskil tussen die kennis van 'n bekeerde Christen en 'n onbekeerde persoon te verduidelik: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het" (1 Korinthiërs 2:11-12).

Net soos 'n dier se brein nie die "dinge van die mens" kan verstaan nie, so kan die vleeslike, natuurlike verstand van die mens nie die "dinge van God" verstaan nie. Paulus gaan voort om te verduidelik: "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word" (1 Korinthiërs 2:14). Geestelike waarheid word geestelik beoordeel, maar dit kan nie verkry word deur die natuurlike menslike verstand sonder die gawe van God se Heilige Gees nie (Handelinge 2:38).

Omdat dit ware onderrig verwerp het, ken ons moderne wêreld nie die weg na ware vrede nie. Christene kan egter die waarheid ken en kan uitsien na die vinnig naderende tyd wanneer al die nasies uiteindelik studente van die Groot Opvoedkundige sal word. Wat sal môre se onderwys behels? Die Skrif gee die volgende bemoedigende beskrywing: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vas staan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:2-4).

Sulke vrede sal slegs na die wêreld kom deur ware onderwys in die toekomstige Koninkryk van God. U kan daardie vrede egter nou in u eie lewe hê. Daar sal eersdaags 'n rewolusie in die onderwys van die hele wêreld ontstaan, maar u kan dieselfde in u eie lewe hê deur die bestudering van die Bybel – die beginpunt van waarheid. Soos Jesus Christus gesê het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Johannes 14:6). Daardie waarheid sal u lewe vir ewig verander! WvM

---

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**

**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# London Roep

## Wie is die Iere?

### Deur Rod King

"***A** Uachtarain agus a chairde*" (President en vriende). Hierdie hartlike woorde van respek is deur Haar Majesteit Koningin Elizabeth II gebruik in 'n toespraak op 'n staatsbanket in Dublin se kasteel tydens haar eerste historiese besoek aan die Republiek van Ierland in Mei 2011. Ierland se president, Mary McAleese, het die uitnodiging om haar land te besoek aan die koningin gerig en was die eerste Ierse leier om dit te doen. Die president was sigbaar verras deur die koningin se woorde en het die woord, "*Wow*" gefluister toe sy die koningin in Ierland se moedertaal, Gallies [Gaelic] hoor praat.

Die koningin het voortgegaan: "Dit is hartseer en 'n betreurenswaardige werklikheid dat ons eilande deur die geskiedenis heen meer as hulle regmatige deel van hartseer, ontwrigting en verlies ervaar het".

Waarom het die Engelse en die Iere dikwels 'n stormagtige verhouding gehad? Die rede hiervoor is deels te wyte daaraan dat hulle 'n gemeenskaplike voorouerlike oorsprong het. In werklikheid kan genealoë Elizabeth se afkoms terugspoor, deur die Skotse konings, tot by die *Ard-Righ* (Hoë Konings) van Ierland. Vir eeue lank het die koninklike huis van Ierland hulle konings in Tara, wes van Drogheda in Co. Meath, op dieselfde klip gekroon waar die Engelse monarge nou in Westminsterabdy gekroon word.

Om vas te stel waarom daar so baie bloedige, broederlike konflikte was, moet 'n mens die aard van die vier belangrikste volke wat die Smarageiland bewoon het verstaan. Laat ons dus sien wie die eerste Ierse setlaars was.

**Firbolg en Tuatha de Danaan**

"Die rasse wat die land bewoon het met die aankoms van die sogenaamde Milesiane, was hoofsaaklik die Firbolg en die Tuatha de Danaan en hulle is beslis nie deur die seëvierende Milesiane uitgewis nie" (*The Story of the Irish Race*, Seumas MacManus, bl.1).

Die 3,500-jarige geskiedenis van die Ierse volk is een van die bes bewaarde rekords, aangesien dit van een geslag na die volgende oorgedra is deur die *seanachies* (barde [sangers] en storievertellers). Die antieke rekords is nie op skrif gestel in boeke wat vernietig kon word nie, maar is in stede daarvan deur die gesproke woord in lang berymde verse oorgedra. Voordat die *Vier Meesters*, MacFirbis en Keating, die barde se woorde bewaar het in die 17de eeu, het Ierland nie 'n amptelike geskrewe geskiedenis gehad nie.

Die Firbolg het waarskynlik in die middel van die tweede millennium v.C. daar aangekom. Volgens Keating is hulle van die nageslag van Magog, die seun van Jafet (*History of Ireland*, *Irish Texts Society*, Boek I, bl.139). Sommige geleerdes glo dat hierdie mense moontlik wel geassosieer kan word met die seevarende Fenisiërs wat bekend was daarvoor dat hulle koper, lood, tin en goud in die Britse Eilande gemyn het. Ierse goud is nog steeds 'n gesogte edelmetaal en nuwe goudmyne is onlangs in die graafskappe Tyrone en Wexford geopen.

Die Firbolgs se houvas op die eiland is spoedig uitgedaag deur 'n nuwe indringer, die Tuatha de Danaan. Die woord Tuatha beteken "stam". Hulle was uit die stam van Dan, die seun van Jakob.

In Rigters 5:17 sing die Israelitiese rigter Deborah (ongeveer die 12de eeu v.C.) 'n lied wat die woorde insluit: "... Dan, waarom vertoef hy by die skepe?" Die Daniete, sowel as hulle bure, die Fenisiërs, was goed bekend as seevaarders en het heen en weer op die Middellandse See en deur die "pilare van Hercules" (Gibraltar) tot in die Atlantiese Oseaan en na Brittanje en Ierland gevaar. Sommige mense beweer dat hulle hulle eerste migrasie vanuit Egipte net voor die uittog uit Egipte (1446 v.C.) onderneem het en dat 'n tweede groep

in 1213 v.C. gevolg het.

Teen die middel van die 17de eeu skryf MacFirbis dat "almal wat blonde hare het, groot van gestalte is, lief is vir musiek en perdry en toorkuns beoefen, van die Tuatha de Danaan-stam afkomstig is" (*History of Ireland*, Thomas Kelly, bl. 25). Moontlik is hulle hedendaagse afstammelinge nie so betrokke by toorkuns nie, maar perderesies is nog steeds 'n passie by die Iere en Ierse musiek is sinoniem met goeie tye en moontlik 'n bietjie Guinness daarby!

**Die Milesiane**

Die volgende groep immigrante het gedurende die tyd van koning Salomo (ongeveer 1000 v.C.) gearriveer. Salomo se stamboom het Peres, van die halwe stam van Juda, gevolg (sien Genesis 38:28-30). Die ander deel van die stam het na Klein-Asië gereis en bekend geword as die Milesiane (afgelei van die stad Miletus). "Hulle was behep met 'n hoë mate van politieke eenheid, 'n enkele koning sowel as 'n wyse en bestendige buitelandse beleid" (MacManus, bl. 7). Die Milesiane het teen die de Danaans geveg, hulle oorwin en hulle drie konings vermoor. Hulle het gou hulle eie koninklike lyn gevestig en hulle konings by Tara op die *Lia Fail* of "Stone of Destiny" gekroon.

Die Milesiane het hulle later hoofsaaklik in die noorde gevestig. Hulle konings is die *Ard-Righ* genoem ("Hoë Konings" wat geheers het oor die mindere konings van die baie Ierse stamme).

Die geskiedenis teken 'n ongelooflike aantal gebruike en wette wat in Ierland deur die Milesiane uitgevaardig is aan en wat sterk ooreenkoms toon met die insettinge en verordeninge wat deur Moses aan die Israeliete gegee is tydens hulle jare in die woestyn (1446 – 1406 v.C.). Hier volg 'n paar:

"Die voorraad geleen van 'n edele ... moes teruggegee word aan die einde van sewe jaar" (MacManus, bl. 293; sien Levitikus 25:1-10).

"Die grootste deel van die stam se grond was vry vir die gebruik van al die mense van die stam" (*ibid*., bl. 293; sien Levitikus 25:34).

"Die stelsel in Ierland was iets soortgelyk aan die patriargale stelsel van die ooste" (*ibid*., bl. 294).

"'Geen persoon' sê die wet, 'sal in sy moeilikheid verdruk word nie'"(*ibid*., bl. 294; sien Levitikus 25:35).

"Hy [die priester of koning] moes sonder fisiese gebrek of misvorming wees" (*ibid*., bl. 295; Levitikus 21:17-23).

**Die Skotte**

Ierland is vir eeue lank *Scotia* genoem. Die naam is afgelei van die *Scyths* (*Skithiërs*). MacManus meld: "Hulle (die *Gaels*) het uit daardie groot ongedefinieerde streek, genaamd Skithië, gekom ... Hulle het na Ierland gekom deur Egipte, Kreta en Spanje" (*ibid*., bl. 8). Terwyl Niul, die kleinseun van Gael, in Egipte was, is hy met Scota, die Farao se dogter, getroud.

Die naam "Gaul" (Galliër) is afgelei van Gael, die volke wat deur die Grieke Kelte *(Keltoi)* genoem is. Dit vestig die Iere as een van die groot Keltiese nasies, saam met die Skotte, Corniërs [Cornish], Bretons, Wale [Walloons] (van België) en Wallisers [Welsh]. Trouens, die Franse naam vir Wallis is *le Pays de Galles* (die land van die Galliërs). Die Keltiese afkoms kan ook nagespoor word na baie van die Switsers, asook die Kelto-Iberiërs in Spanje en die Galasiërs van die Nuwe Testament.

Die Milesiaanse *Ard-Righ* het die *Lia Fail* kroningsklip in 478 n.C. met hulle saam geneem na Argyl, Skotland en later na Scone. Die Engelse het dit na Westminsterabdy geneem om die meeste van hulle konings en koninginne daarop te kroon. Baie van die Skotse nasate het tussen 1605 – 1697 in opeenvolgende migrasie-groepe teruggegaan na Ulster, tot ergernis van die de Danaanse suidelike Iere, tot vandag toe.

Die Koningin se verwysing na die "hartseer, ontwrigting en verlies" van die Ierse lyding in die hande van die Engelse heersers, was maar 'n kort en terloopse verwysing na wat vir die suidelike Iere pynlike en bittere herinneringe geword het en wat van geslag tot geslag oorgedra is. Nogtans lyk dit vir baie waarnemers of haar besoek en haar woorde die begin kan wees van 'n heling tussen die broers van Israel.

Sal dit voortgaan? Slegs die tyd sal leer. WvM

# Wat is waarheid?

## Deur Wallace G. Smith

*Kan die waarheid deur die wetenskap, filosofie of materialisme gevind word? Bestaan absolute waarheid werklik? U behoort te weet!*

Tydens Jesus Christus se verskyning voor die Romeinse goewerneur Pontius Pilatus vir die verhoor van die vals aanklagte teen Hom oor Sy lewe sê Hy vir Pilatus: “Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem” (Johannes 18:37). Pilatus eindig dan hulle gesprek met 'n vraag wat deur die eeue heen weerklink het: “Wat is waarheid?” (vers 38).

Deur die eeue het filosowe met hierdie selfde vraag geworstel. Verskeie godsdienste het dit gekoöpteer. Sommige wetenskaplikes maak al hoe meer daarop aanspraak om die alleen-arbiter van wat waarheid is te wees. Die vraag bly egter: “Wat is waarheid?”

Baie min ander vrae het die vermoë om ons begrip van die wêreld so grondliggend te bevraagteken en min ander antwoorde hou soveel belofte in om ons lewens heeltemal te verander. Alles in ag genome, is dit die vraag der vrae!

Hoe kan ons dus **weet** hoe die wêreld *werklik is*? Wat *is* die waarheid? Hoe kan ons dit ontdek? Hoe kan ons weet wat fundamenteel waar is en dan ons lewens daarvolgens leef?

In vandag se wêreld van “situasionele etiek” en morele relativisme, bevraagteken sommige mense selfs die blote moontlikheid of daar **wel** enige absolutes in die wêreld **is.** Is alle waarheid relatief? Is niks fundamenteel waar of vals nie?

Wanneer iemand beweer dat alle waarhede relatief is, kan dit amusant wees om hulle 'n belangrike vraag te vra soos: “Wel, is dit dan absoluut waar dat daar geen absolute waarheid is nie?” Indien die stelling waar is, is dit natuurlik vals – as dit vals is, moet dit waar wees! Die stelling dat alle waarheid relatief is, is die grootste snert! Dit is nie net heeltemal selfweersprekend nie, maar dit is ook iets wat niemand werklik glo nie – nie eens diegene wat dit sê nie.

Trouens, die absolute waarheid is in werklikheid *baie werklik*. Dit is daar iewers, maar *waar* kan ons dit vind?

Gegewe die aard van die vraag: “Wat is waarheid?” klink dit soos iets uit die wêreld van filosofie. Kan menslike filosofie aan ons die bron van waarheid voorsien?

### Ken filosowe die waarheid?

Die geskiedenis het 'n ongelooflike vertoon van wysgere en denkers opgelewer. Hulle name is aan byna almal van ons bekend. Wanneer 'n mens die woord “filosoof” sê, kom name soos Aristoteles in ons gedagte op ... Plato en Sokrates ... Dan is daar die groot Westerse denkers soos Thomas Aquinas en Rene Descartes – ook die Oosterse denkers soos Confucius. Daar is ook minder bekende name wat hulle merk op die menslike filosofiese denke gelaat het, soos die groot Persiese Avicenna en die veelvuldige Zenos van Griekeland. Van Kierkegaard en Kant tot meer moderne filosowe soos Whitehead, Fromm en Ayn Rand – baie mense het diep gedelf in vrae soos: Wie is ons, waarom is ons hier, wat is die betekenis en doel van die lewe, wat is reg en verkeerd en dan die fundamentele vraag: *Wat is waarheid?*

Ons sien in die stryd wat die wêreldse filosowe deur die tyd heen gehad het, 'n groot gedeelte daarvan logika en bespreking was, wat goed is, maar *geen werklike antwoorde* nie. Baie jong mans en vroue skryf in vir filosofie-klasse aan universiteite, in die hoop om uiteindelik die lewe se groot vrae op te los, net om te ontdek dat die besprekings en debatte tussen filosowe blykbaar net meer besprekings en debatte tot gevolg gehad het! Koning Salomo, een van die wysste manne wat nog ooit geleef het, het eenmaal geskryf: “En ek het my hart daarop gerig om met wysheid te ondersoek en na te speur alles wat onder die

hemel gebeur. Dit is 'n moeilike taak wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel. Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word, en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind" (Prediker 1:13-14).

Die bestudering van filosofie kan sekerlik voordele inhou: God *is* logies en God se Woord moedig logiese denke aan, maar met geen eenvoudige, fundamentele voet om op te staan nie, gaan die filosofiese debatte van die mensdom oor die aard van waarheid net só ver. Op die ou einde lewer dit niks meer op as net nog meer debatte nie, waarin die argumente maar net voortgaan. Die soort fundamentele waarheid wat ons nodig het om ons lewens op te bou, ontduik ons. In ons soeke na waarheid, behoort ons elders te kyk.

**Ken wetenskaplikes die waarheid?**

Deesdae lyk dit vir die meeste mense of die gewildste aanspraakmaker om die titel van waarheidbringer, die natuurwetenskap is. Die beoefening van die wetenskap *is* sekerlik kragtig. Dit het ons toegelaat om die chemiese samestelling van sterre en nebula asook die wentelperiodes van verafgeleë planete te bepaal en ons toegelaat om die dieptes van die subatomiese wêreld te ondersoek en baie van die wonderlike wette wat agter die skerms in die wêreld rondom ons aan die werk is te ïdentifiseer!

Tog aanvaar te veel wetenskaplikes deesdae dat hulle kennis oor die skepping impliseer dat *daar geen Skepper is nie.* Dit is asof kundiges oor die Mona Lisa sou sê dat hulle die skildery so goed verstaan dat hulle tot die gevolgtrekking kom dat die skilder daarvan, Leonardo da Vinci, nooit bestaan het nie!

Daar is verder ook baie wetenskaplikes wat nou beweer dat die wetenskap die **enigste** manier is waarop alle waarheid wat die moeite werd is om te ken, verstaan kan word. Ons sien skakerings van hierdie ingesteldheid in die werke van 'n paar gewilde ateïstiese wetenskaplikes, soos die bioloog, Richard Dawkins, die fisikus, Lawrence Krauss en die neurobioloog, Sam Harris. In sy boek *The Moral Landscape*, probeer Harris selfs om absolute moraliteit te verlaag tot suiwer wetenskaplike terme, kennis en eksperimentering.

Sulke pogings om die wetenskap die heel laaste bron en regter van waarheid te maak, is egter van die begin af gedoem – vir so baie redes. Eerstens is die wetenskap per slot van rekening 'n menslike aktiwiteit wat vatbaar is vir die gewone slaggate van trots, politiek en vooroordeel. Evolusionêre bioloog Austin Hughes skryf: "Die verhewe vertroue in befondsing en eweknie-beoordelingspanele behoort misplaas te lyk vir iemand wat op hierdie panele gedien het en getuie is van die mate waarin vooropgestelde idees, persoonlike vetes en dies meer, selfs die beste voorstelle kan kelder" (*The Folly of Scientism*, *The New Atlantis*, Fall, 2012, bl. 32).

Wetenskaplike teorieë is natuurlik nooit suiwer stellings van feite nie, dit behoort nie te wees nie. Dit is *verklarings* van feite en as interpretasies is dit altyd daaraan onderworpe om deur onderliggende aannames en wêreldbeskouings ingekleur te wees. Wetenskaplikes verskil dikwels hewig onder mekaar oor hulle vertolkings, hoewel 'n mens dit selde in televisieprogramme wat vir die publiek gemaak word sien.

Die beoefening van wetenskap op sigself, berus eintlik op die beginsels van *logika* en *wiskunde* en *metafisiese aannames* wat *self* nie wetenskaplik bewys kan word nie. Trouens, die stelling dat die wetenskap die uiteindelike arbiter van waarheid en betekenis behoort te wees, kan *self* nie wetenskaplik bewys word nie! Vir diegene wat dit glo, is dit 'n saak van *metafisiese geloof* en gladnie 'n "wetenskaplike waarheid" nie.

Met betrekking tot moraliteit is wetenskap nie in staat om vir ons te bepaal wat werklik goed of werklik boos is nie. Geen eksperiment kan aan ons sê of die slagting van die Jode deur die Nazi's byvoorbeeld werklik boos was en of moord of verkragting euwels of deugde is nie.

Die wetenskap het aan ons 'n ongelooflike begrip gegee op welke manier *baie* verskillende aspekte van ons wêreld werk – maar wanneer ons daarna begin kyk as die enigste ware "bron"

van waarheid, vind ons dat dit inderdaad 'n swak bron is. Wiskundige waarhede, estetiese waarhede, waarhede oor ons doel en die betekenis van ons lewens – selfs die mees basiese sedelike waarhede en die mees *basiese* konsepte van reg en verkeerd – is **geeneen** bereikbaar deur die mikroskoop van die bioloog of die teleskoop van die sterrekundige nie.

'n Antwoord op die vraag: "Wat is waarheid?" sal elders gevind moet word.

**Wiskundige waarheid?**

Inden ons op soek is na die final*e* waarhede – fundamentele, betroubare waarhede – waarom nie wiskunde oorweeg nie? Die abstrakte wette van wiskundige wetenskappe gaan veel dieper as die wette van fisika en chemie wat ons in die res van die wetenskap sien. Die fundamentele waarheid van 1 + 1 = 2, is nie werklik oop vir "interpretasie" of vatbaar vir die grille en giere van akademici in enige gegewe dekade nie. Die stellings en bewyse van Euklidiese meetkunde of die veronderstellings en beginsels van algebra hang nie af van die heelal waarin ons leef nie en gegewe die onderliggende grondstellings en aannames sou dit in *enige* heelal waar wees! Die absolute onbuigbaarheid van wiskunde en sy onwrikbare siening van bewys en waarheid is deel van die aantrekkingskrag van die "koningin en dienskneg van die wetenskap" vir diegene wat dit bestudeer. Baie wiskundiges het al gewonder wat die primêre strekking van wiskunde mag wees en of dit vir altyd die sleutel kan wees tot die ontsluiting van die grondliggende vraag oor waarheid.

Sewentiende eeuse wiskundige Wilhelm Gottfried Leibniz – mede-ontdekker van die wiskunde van calculus, saam met die befaamde Isaac Newton – was 'n logikus van die hoogste orde. Hy het geglo dat alles aangaande die lewe inherent logies was **en** dat, as ons net al ons gedagtes op papier in wiskunde-agtige simbole kan enkodeer, ons die "wiskundige" reëls kan ontdek wat ons na die waarheid sal lei. In sy 1685-verhandeling, *The Art of Discovery* skryf hy: "Die enigste manier om ons redenasies te verbeter, is om dit so tasbaar te maak soos dié van die wiskundiges, sodat ons ons fout met een oogopslag kan vind en wanneer daar geskille tussen mense is, kan ons net eenvoudig sê: 'Kom ons bereken sonder verdere vertraging, om te sien wie reg is'".

Leibniz was nie die enigste een om poëties te raak oor die vermeende mag van simboliese wiskundige redenasie nie. Sulke motiewe het ook die beroemde Alfred North Whitehead en Bertrand Russell aangemoedig om een van die mylpaalwerke van wiskundige logika, *The Principia Mathematica*, te skep. Hulle begeerte was om 'n logiese fondament te lê, wat die mensdom sou toelaat om *alles* aangaande wiskunde te bewys. Dit grawe diep en het probeer om 'n basis so fundamenteel te lê dat in sy eerste uitgawe, die eenvoudige stelling van "1 + 1 = 2" nie voorkom voor bladsy *379* nie!

Die idee van stelsels van simboliese denke waaruit die waarheid ontleen kan word deur slegs 'n wiskundige berekening te maak, was vir baie mense aanloklik! Dit was egter 'n fantasie. In die 1930's het die wiskundige, Kurt Gödel die ekwivalent van 'n logiese kernbom laat val. Die besonderhede van sy werk is abstrak en moeilik om te verstaan vir diegene sonder wiskundige opleiding, maar in wese het Gödel *wiskundig* bewys dat nie alle waarhede *wiskundig* bewys kan word nie! Trouens, hy het bewys dat nie eers al die suiwer *wiskundige* waarhede wiskundig bewys kan word nie.

Die idee van 'n volmaakte, simboliese stel grondstellings en stellings wat alle waarhede sou ontsluit, was in wese *dood*.

Vir diegene wat op soek is na 'n opperste bron van waarheid, is wiskunde 'n boeiende en woelige hawe om aan te doen, maar dit is nie 'n eindpunt vir hulle reis nie.

In al hierdie pogings sien ons dat die beste en briljantste mense sukkel om "waarheid" te omskryf en uiteindelik klaaglik misluk. Vra 'n filosoof of 'n wetenskaplike wat die doel van lewe of die waarde van bestaan is en daar sal waarskynlik 'n verskeidenheid antwoorde wees, gebaseer op 'n verskeidenheid teorieë en 'n hele klomp onsin.

Wat die betekenis, waarde en doel van die lewe en ons

bestaan, asook die fundamentele beginsels van sedelikheid betref: Die filosowe is verward, die wetenskaplikes staan met leë hande en die wiskundiges swyg.

**Geopenbaarde Waarheid!**

Ons behoort nogtans te oorweeg: Sou 'n liefdevolle God – die persoonlike Skepper van die hele mensdom – Sy skepping los sonder enige basis van begrip, enige leiding en enige standaard van wat waarheid is? Sou Hy ons, Sy handewerk, net so aan die genade oorlaat om in die duisternis rond te tas met geen antwoord nie, sonder enige basis om te bepaal wat waar en reg is of wat goed en kwaad is? Sou Hy ons skep om ons net weer te los sonder hoop om ooit die waarheid oor *waarom* ons geskape is te verstaan?

Indien dit vir die mens nodig is om die waarheid te weet, maar wat hy *nie* ten volle op sy eie kan ontdek nie, dan sou 'n liefdevolle God tog sekerlik vir ons 'n soort rekord of verslag of 'n gids nagelaat het om wat die waarheid is te wete te kom. In die openbaring van die Almagtige en ewige God – die Bybel, Sy woord – vind ons uiteindelik *waarheid*.

Dink aan die Bybel se eie aansprake aangaande die aard en inhoud daarvan. In die nag waarin Hy verraai en in hegtenis geneem sou word, voor Sy kruisiging, het Jesus Christus tot Sy Vader in die hemel gebid in die teenwoordigheid van Sy dissipels. In daardie gebed het Hy 'n eenvoudige versoek gerig en 'n pragtige stelling gemaak: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:17). Hier reflekteer Jesus Christus bloot die sentiment wat in die Ou Testament weergegee word: "U, o HERE, is naby, en al u gebooie is waarheid" (Psalm 119:151).

Die waarheid wat vervat is in God se Woord, die Bybel, is nie bedoel om net eenvoudig intellektueel aanvaar te word op sy eie getuienis nie, maar om beproef te word! Soos die apostel Paulus skryf: "*Beproef* alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21)!

Ten spyte van die Skrif se baie kritici en passievolle teenstanders deur die eeue heen het dit *bewaar* gebly as 'n stewige, betroubare, praktiese bron van wysheid en kennis – van *waarheid!* Dit slaag steeds die toets van historiese ontdekkings en wetenskaplike navorsing. Dit *word steeds* bewys in die lewens van diegene wat dit waag om deur sy woorde te leef! Hoewel dit geslag na geslag aangeval en verkleineer word, het daardie aanvallers geleef en gesterf, maar die Bybel se woorde en die krag van die waarhede **bly voortbestaan** – verander lewens, vestig gesinne, lei diegene wat leiding nodig het en beantwoord vrae oor die betekenis en doel, met 'n outoriteit en gesag wat *geen ander bron op aarde* nog **ooit** in staat was om te ewenaar nie!

Die rol van God se Woord as 'n bron van algehele waarheid – waarheid wat slegs kan kom van die Almagtige Skepper Self – is nie iets wat eenvoudig aanvaar moet word op grond van 'n filosoof se argument, 'n wetenskaplike se eksperiment of 'n wiskundige se bewys nie. God bekragtig Self Sy woord in die lewens van diegene wat Hom toelaat om in hulle te werk om die waarhede van Sy Woord te verstaan en wat hulle daaraan wy om die pad te bewandel wat daardeur verlig word. Diegene wat gewillig is om hulleself te wy aan die voortreflike God van die Bybel vind nie net 'n antwoord op die vraag: "Wat is waarheid?" nie – hulle vind ook 'n lewende, liefdevolle en wonderlike persoonlike Gids en Metgesel om hulle te help om daardie waarheid vir ewig *uit te leef*.

Dit is die grootste waarheid wat iemand ooit kan hoop om te vind. WvM


# Die Tien Gebooie

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

# Twee-en-sewentig uur

## Deur J. Davy Crockett III

*Drie dae, drie nagte en 'n teken wat die meeste "Christene" ignoreer*

Vir die meeste mense is 72 uur 'n lekker driedag lange naweek, of moontlik 'n kort wegbreek of vakansie. Dit is aangenaam, maar dikwels gou weer vergete. Dit is tog net drie dae en drie nagte. Wat kan die belangrikheid wees van so 'n kort tydjie binne die raamwerk van groter gebeure? Wanneer 'n mens oë het om te sien, word die betekenis van 72 uur baie duidelik.

Dink aan die boek van Jona, 'n kort Bybelse boek, wat die verhaal van 'n onwillige profeet vertel. God het Jona beveel om die mense van die groot stad Nineve te waarsku dat indien hulle hulle nie bekeer van hulle wreedheid en gruweldade nie, die stad vernietig sou word. Jona, 'n Hebreër, het gesien hoe sy mense slagoffers van groot Assiriese wreedheid word, daarom het hy van die toneel gevlug en probeer om sy verantwoordelikheid te ontduik.

Die skip waarop Jona passaat bespreek het, was egter vasgevang in 'n verskriklike storm op see. Jona word oorboord gegooi in 'n poging om die skip te red. God het 'n groot vis beskik om hom in te sluk, wat verhoed het dat hy verdrink. Die Bybel sê dat Jona vir drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was – 72 uur.

Dink daaraan hoe dit moes gewees het. Met seewier om sy kop gedraai, verduur Jona die reuke en die klam donkerte sonder om te weet wat volgende gaan gebeur. Hy het sekerlik verwag om in hierdie beproewing te sterf. God het dit egter so beskik dat die groot vis vir Jona op die strand uitspoeg! 'n Mens wonder of Jona ooit weer vis geëet het nadat hy die walglike inhoud binne in die vis se ingewande gesien het.

Terwyl Jona tot verhaal gekom het na hierdie ongelooflike bevryding en gewonder het "Wat nou?", het God aan hom gesê om Ninevé te waarsku. Hierdie keer het Jona egter teësinnig gehoorsaam.

U mag wonder: "Wat kan dit tog met my te doen hê?" Wel, dit mag u verbaas om te weet dat Jesus Christus hierdie 72-uur beproewing van Jona gebruik het as 'n kragtige teken as antwoord aan die skeptiese skrifgeleerdes, Fariseërs en Sadduseërs wat 'n teken vereis het as bewys dat Hy die Messias was.

Die Skrif dokumenteer die gebeurtenis: "Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees" (Mattheüs 12:38-40).

Dink daaraan! Die **enigste** direkte teken wat Jesus Christus van Sy Messiasskap gegee het, was dat Hy 72 uur in die graf sou deurbring – net soos Jona, wat so goed as dood in die buik van die groot vis was, was dit nie vir God se bevryding nie! Die godsdienstige leiers wat Christus bevraagteken het, het die verhaal van Jona baie goed geken, maar dit het gelyk asof hulle nie die ware betekenis verstaan het nie.

Vandag volg die meeste belydende Christene die Goeie Vrydag/Paassondag tradisie wat 'n bespotting maak van Jesus Christus se eie woorde met hierdie belofte! Daar is geen manier waarop Jesus se 72-uur belofte ingepas kan word in die verkeerde idee van 'n kruisiging op Vrydag en Sy opstanding op Sondag nie. Die Paasfeesverhaal [Easter] is self 'n produk van die voor-Christelike heidense tradisies en word nêrens in u Bybel gevind of aangemoedig nie!

Hoe erken en herdenk ware Bybel-gelowige Christene die dood van die Verlosser van die mensdom? Die Kerk van God onderhou die Pasga met die

Nuwe-Testamentiese simbole van die brood en wyn, soos Jesus Christus Sy dissipels geleer het om te doen.

U behoort te weet van die 72 ure wat die mensdom se bestemming vir ewig verander het. Indien u meer wil weet van hierdie baie belangrike tydperk en hoe om dit te herdenk soos Christus se bedoeling was, lees ons lewensveranderende boekies, *Wat is 'n ware Christen?* en *Die Heilige Dae – God se meesterplan.* WvM

---


***Vervolg vanaf bladsy 7 – Waarom verkondig die meeste kerke nie die Waarheid nie?***

baring 14:12).

Die duiwel het egter die vreemde idee in die denke van die meeste predikante geplant dat "genade" op die een of ander manier die gehoorsaamheid aan die wet van die Almagtige God vervang, wat op een of ander manier ná Christus mee "weg-gedoen" is. Hulle word geleer dat al wat mens hoef te doen, is om "in Jesus te glo" en dan is jou sondes onmiddellik vergewe, selfs al was daar geen **werklike berou tot bekering** nie! Baie van hierdie predikante besef dat dit 'n teorie van "goedkoop genade" is. Hulle weet dat die Bybel ***duidelik*** sê dat 'n mens **berou** oor jou **sonde** moet toon om vergewe te word en om God

**What the Public Knows About Religion**

| | |
|---|---|
| Moses was the Bible figure who led the exodus from Egypt | 72% |
| Jesus was born in Bethlehem | 71% |
| Sabbath begins on Friday | 45% |
| Four Gospels are Matthew, Mark, Luke, John | 45% |



se Gees te ontvang (Handelinge 2:38). Die Bybel sê ook duidelik: “Elkeen wat die sonde doen, oortree die wet van God. *Sonde* **is** *immers oortreding van die* **wet** *van God*” (1 Johannes 3:4 NV).

Indien sonde die *oortreding* van God se wet is, dan is dit juis *dit* waarvan die mens hom moet **bekeer**! Om te bekeer beteken nie om net jammer te wees en dadelik terug te gaan en weer te sondig nie. **Om te bekeer** beteken om te **verander** en om om te draai en die ander rigting in te slaan! *Hoe duidelik is dit nie!*

*Ware* Christene moet bereid wees om te *doen wat Christus hulle geleer het*! Selfs “hoofstroom”-teoloë het herhaaldelik erken dat Christus die Tien Gebooie aan die mense geleer en *dit* self as 'n lewenswyse *beoefen* het! **Waarom** faal belydende Christelike predikante dan om hierdie dinge **te onderrig**? Waarom faal hulle om *aandag te skenk* aan Jesus se geïnspireerde uitdaging: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46).

Die moderne kerkdom is verward oor al hierdie verskillende basiese kwessies aangesien Satan die duiwel inderdaad duisende godsdienstige leiers “mislei” om iets te preek wat *heeltemal anders* is as wat u Bybel duidelik staaf! **Luister** dus na hoe die apostel Paulus geïnspireer is om die Christene van sy tyd te waarsku: “Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval ... Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke” (2 Korinthiërs 11:4, 13-15).

Mag God *u* help om “wakker te word” en gewillig te wees om uit die moderne Babilon “uit te kom” terwyl u nog die geleentheid het! Mag God *u* help om gewilliglik te wees om “alle dinge” te “beproef” en vir uself uit te vind wat u geïnspireerde Bybel werklik sê! Mag God u help om gewillig te wees om te **handel** volgens God se Waarheid – om *te soek* waar God se ware Kerk vandag is – om te **handel** volgens daardie kosbare kennis voor die einde van hierdie tydvak of die einde van u lewe aanbreek. WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook ’n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

# Môre se Jeug

## Streef na wysheid!

### Deur Sheldon Monson

Salomo, die wysste man wat nog ooit geleef het, begin die boek Spreuke deur die doel van die boek te verduidelik wat is "... om wysheid en tug te ken, om woorde van insig te verstaan, om aan te neem tug wat verstandig maak, geregtigheid en reg en regverdigheid" (Spreuke 1:2-3).

In hoofstuk 2 versoek Salomo ons om wysheid te soek – om dit werklik na te streef! Hy skryf: "My seun, as jy my woorde aanneem en my gebooie by jou bewaar, sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand; ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand" (Spreuke 2:1-6). Hy beklemtoon hierdie punt met 'n passievolle pleidooi om wysheid ten alle koste te verkry! "Die beginsel van die wysheid is: Verwerf wysheid en verwerf insig deur al wat jy besit" (Spreuke 4:7). Salomo het verstaan dat die verkryging van wysheid van die allergrootste belang is.

**Ware rykdom**

Vervolgens verduidelik hierdie wyse koning waarom ons ernstig behoort te streef na hierdie kosbare geskenk: "Gelukkig die mens wat wysheid gevind het, en die mens wat verstand verkry; want die verkryging daarvan is beter as dié van silwer, en die verwerwing daarvan beter as van goud; dit is kosteliker as korale, en al jou kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie. In sy regterhand is lengte van dae, in sy linkerhand rykdom en eer" (Spreuke 3:13-16). Min mense het al ooit wysheid sowel as rykdom gehad. Salomo het dit gehad en hy het geweet dat wysheid sy waardevolste besitting was.

"Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand", skryf hy in Spreuke 9:10. Die vrees van die Here is die mees basiese deel van wysheid. Kennis is van min waarde sonder die behoorlike gepaste vrees, eerbied en respek vir God om dit alles in perspektief te stel. Sonder God se Gees, ly die mensdom gebrek aan geestelike insig en wysheid om te weet hoe om die probleme op te los wat nou dreig om tot sy vernietiging te lei. Wysheid verwys na 'n vaardigheid, of dit kan 'n toegepaste vaardigheid aandui. Wysheid sluit elke aspek van ons lewens in en dit behels 'n verandering van gedrag en 'n verbintenis om te leef volgens Bybelse waardes. Diegene wat wys is, het die oplossings van selfs die grootste probleme wat die mensdom in die gesig staar! Die antwoorde op die struikelblokke van wêreldvrede en voorspoed word in die toepassing van God se Woord gevind.

**'n Versoek toegestaan**

Salomo het as 'n jong koning 'n gebrek aan wysheid en ervaring gehad. Terwyl hy in Gibeon was, het die Ewige God een nag in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Begeer wat Ek jou moet gee."

Met die nodige nederigheid het Salomo geantwoord: "En u kneg is midde onder u volk wat U verkies het, 'n groot volk wat nie getel of bereken kan word weens die menigte nie. Gee dus aan u kneg 'n opmerksame hart om reg te spreek oor u volk, om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?" (1 Konings 3:5-9).

God het Salomo se versoek mildelik beantwoord en aan hom nie net 'n verstandige hart gegee nie, maar ook wysheid om die uitdagende sake van die lewe op 'n bekwame wyse te hanteer. "En dit was goed in die oë van die Here dat Salomo dit begeer het. En God het vir hom gesê: Omdat jy hierdie versoek gedoen het en nie vir jou 'n lang lewe begeer het en nie vir jou rykdom begeer het en nie die lewe van jou vyande begeer het

nie, maar vir jou verstand begeer het om regsake te verhoor, so doen Ek dan volgens jou woord: Kyk, Ek gee jou 'n wyse en verstandige hart, sodat een soos jy vóór jou nie gewees het en een soos jy ná jou nie sal opstaan nie. Ja, selfs wat jy nie begeer het nie, sal Ek jou gee, rykdom sowel as eer, sodat onder die konings niemand soos jy sal wees al jou dae nie" (1 Konings 3:10-13). Die vermoëns wat God aan Salomo gegee het was uitsonderlik! Hierdie jong koning het verstaan dat wysheid meer werd is as rykdom en eer. Hy het geweet dat Goddelike wysheid nodig is indien hy God se volk sou wou lei en dien.

**Vra God**

Het ons God gevra om ons met wysheid toe te rus? Ons behoort dit te doen! Die Nuwe Testament praat ook oor die waarde van wysheid. In Jakobus 1 lees ons: "En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word" (Jakobus 1:5). Dikwels het ons nie die dinge wat ons graag wil hê nie, net omdat ons nie daarvoor vra nie. Soms gee God nie gehoor aan ons versoeke nie; omdat ons vir die verkeerde dinge vra, of omdat ons vra met bymotiewe in gedagte. Jakobus skryf: "... julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring" (Jakobus 4:2-3). Ons almal behoort te bid vir wysheid, sodat ons ander mense meer effektief kan dien.

**Bybelstudie en bepeinsing**

Ons behoort nie die bestudering en bepeinsing van God se Woord na te laat nie. Dit is een van die beste beleggings wat ons ooit sal kan maak. Die apostel Paulus het in sy brief aan Timótheüs hierdie punt beklemtoon. Hy sê aan die Christene: "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Timótheüs 3:14-15). Paulus wys daarop dat daar 'n direkte verband is tussen kennis van die Skrif en wysheid. Die woord van God wys ons hoe God dink. Dit gee aan ons voorbeelde van hoe om die basiese geestelike beginsels wat die mensdom beheer, toe te pas. Dit is waarom die Psalmdigter skryf: "Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele" (Psalm 119:97-100).

Maak dus seker dat u God se Woord bestudeer en daaroor nadink en opreg bid vir wysheid. "Want wysheid is beter as korale, en al die kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie" (Spreuke 8:11). Goddelike leiers het nou, sowel as in die toekoms wysheid nodig! WvM

---

Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondagoggende, **kanaal 263** op DStv.

# Vrae & Antwoorde

## Wat het Jesus Christus oor Sy kruisiging en opstanding gesê?

**VRAAG:** My kerk het sekere spesiale voorskrifte vir die onderhouding van "Goeie Vrydag" – die Vrydag voor Paassondag. Ek het in my Bybel gesoek na bewyse van Goeie Vrydag, maar kan dit nie kry nie. Het ek iets misgekyk?

**ANTWOORD:** U behoort geprys te word dat u die Skrif so noukeurig lees! Die Bybel onthul wel wat op die Vrydag voor Jesus Christus se opstanding gebeur het – maar die waarheid is nie wat die meeste belydende Christene vandag glo nie!

Ons weet uit die Skrif dat Christus drie volle dae en nagte – 72 uur – in die graf deurgebring het. Hy moes dit doen ten einde die Bybelse "teken van Jona" te vervul, soos Hy bekend gemaak het. "Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees" (Mattheüs 12:39-40).

Hierdie feit weerlê die algemene chronologie wat van Goeie Vrydag tot Paassondag duur. Indien Christus op Paassondag opgestaan het, moes Hy teen nie later as die einde van die dag op Donderdag in die graf gewees het nie – nie Vrydag nie.

Wat weet ons van die tydsberekening van Christus se opstanding? Let op hierdie weergawe: "En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie" (Johannes 20:1-2).

Dit beteken dat Maria in die nagtelike ure ná die Sabbat (na sononder op Saterdag en voor sonop op Sondag) na Christus se graf gegaan en toe gevind het dat Jesus nie in die graf was nie. Dit laat ons die tyd van Christus se dood verder terug neem tot nie later as net voor sonsopkoms op Donderdagoggend nie.

Die Skrif maak dit egter duidelik dat Jesus laat in die dag begrawe is, kort voor die begin van 'n jaarlikse Sabbatdag. Ons lees: "En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee. En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word" (Johannes 19:30-31).

Die "dag van voorbereiding" is die dag voor die Sabbat, wanneer take afgehandel word in afwagting op die komende Sabbat wanneer daar gerus word van werksdag aktiwiteite. Ons het egter reeds gesien dat Vrydag nie die dag van Christus se dood kon wees nie, aangesien hy reeds vir 72 uur dood moes gewees het voor die einde van die laaste dag van die week! Is dit 'n oënskynlike teenstrydigheid in die Skrif? Nee! Wat baie lesers vergeet, is dat 'n dag van voorbereiding ook 'n jaarlikse Sabbat, een van die heilige dae wat in Levitikus 23 deur God opsy gesit is vir jaarlikse onderhouding, kan voorafgaan.

Indien Christus op die Woensdag voor sononder in die graf geplaas was, sou Hy teen die einde van Saterdagmiddag vir 72 uur in die graf gewees en opgestaan het net voor die eerste dag van die week begin het.

Om op te som weet ons dus uit die Skrif dat Jesus Christus op die Vrydag voor Sy opstanding alreeds dood en in die graf was om die profesie te vervul. Tradisies wat daarop aandring dat Hy gelewe en voorberei het vir 'n Sondag-opstanding, ontken nie net die duidelike woorde van die Skrif nie, maar ook die teken wat Jesus van Sy Messiasskap gegee het. Indien u 'n Messias aanbid wat op die Sondag na 36 uur in die graf opgestaan het, dan aanbid u nie die ware Jesus Christus nie, maar eerder 'n valse Jesus wat deur mense uitgedink is, wie die aandag wil weglei van God en Sy Waarheid. Om meer te leer oor baie valse leerstellings wat bevorder word in die naam van "Christelikheid", kan u gerus u gratis kopie van ons boekie, *Satan se Vervalste Christendom* aanvra. WvM

# Profesie neem

## Die laaste dae word geprofeteer!

Leef ons *regtig* in die "laaste dae" voor die wederkoms van Jesus Christus? Terwyl kritici spot, glo baie belydende Christene dat dit wel die geval is, maar hoe sal u weet? Die voor die hand liggende antwoord is om die bron wat hierdie vrae aanspreek te raadpleeg – die Bybel. Die Bybel, anders as enige ander godsdienstige boek, bevat talle profesieë oor spesifieke gebeure wat aan die "einde van die dae" sal plaasvind – net voor die wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde, wanneer Hy dramaties in menslike sake sal ingryp. Baie van daardie profesieë *neem vandag gestalte aan!*

**Spotters in die laaste dae**

Tweeduisend jaar gelede het Jesus Sy dissipels gemaan om *op* die *uitkyk te wees* vir spesifieke tekens wat daarop sal dui dat Sy wederkoms naby is – wydverspreide godsdienstige misleiding, toenemende geweld, verspreiding van etniese konflikte en oorloë, hongersnood, siekte-epidemies en toenemende ernstige natuurrampe – alles gebeure wat vandag hoofnuus is (Mattheüs 24, Markus 13, Lukas 21). Die apostel Petrus noem *nog 'n belangrike teken* wat die naderende einde van hierdie tydvak sal aandui: "Dit moet julle veral weet, dat daar *aan die einde van die dae spotters* sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms?" (2 Petrus 3:1-4). Petrus het 'n toekomstige tyd *aan die einde van hierdie tyd* voorspel wanneer skeptici en kritici die *spot* sal dryf met die eenvoudige stellings van die Skrif. Judas, die broer van Jesus, praat van hierdie *selfde teken*: "Maar julle, geliefdes, moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Here Jesus Christus, dat hulle vir julle gesê het: In die *laaste tyd* sal daar *spotters* wees wat volgens hulle eie goddelose begeerlikhede wandel." (Judas 17-20). 'n *Belangrike teken* van die einde van hierdie tydvak sal die verskyning van *spotters en kritici* wees, wat die Bybel en die leerstellings van Jesus net voor Sy wederkoms sal aanval. Ons is *vandag* getuies van hierdie toenemende verskynsel en die gevolge daarvan!

**Profesieë neem gestalte aan**

Vir bykans tweeduisend jaar word die Bybel en die woorde van Jesus en die Apostels as goddelik geïnspireerde geskrifte beskou. Bybelse leerstellings het 'n *unieke* grondslag verskaf wat die Westerse beskawing *afgesonder* het van die res van die wêreld. Met die spekulatiewe teorieë in die 1850's van Charles Darwin (skepping sonder 'n Skepper), Karl Marx (godsdiens is die opium van die mense) en die Duitse filosoof Friedrich Nietzsche (God is dood), het kritici en skeptici nogtans 'n geleentheid gesien om die geloofwaardigheid van die Bybel aan te val en die God van die Bybel en Sy leerstellings te verwerp. Gedurende die laat 1800's het Robert Ingersoll, 'n self-opgeleide Amerikaanse prokureur en belydende ateïs, duisende mense gelok wat sy verregaande aanvalle op God, godsdiens en die Christendom wou aanhoor (sien *Challenging the Bible*, deur Dean Tipton).

Sedert die 1960's het liberale geleerdes en teoloë, progressiewe politici en die sekulêre media hierdie selfde benadering gevolg en 'n *volgehoue aanval* teen al die elemente van die Bybelse godsdiens van stapel gestuur. Ons was onlangs getuies dat daar in eens belydende Christelike nasies, ateïste is wat die leerstellings van die Bybel *openlik aanval*, teoloë wat *openlik daaraan twyfel* en politieke leiers wat dit *openlik verag* en *doelbewus die spot dryf* met die idee van 'n Almagtige God wat in menslike sake ingryp. Die Britse professor, Richard Dawkins, beweer in sy boek, *The God Delusion:* "Dit is byna seker dat

# gestalte aan

daar geen God is nie", dat die Bybel "net eenvoudig eienaardig is", gevul met "aanstootlike leerstellings", dat die God van die Ou Testament 'n "wraakgierige ... bloeddorstige ... monster" is en "die onaangenaamste karakter in alle fiksie is", (bll. 2, 4, 31, 237, 252). Die skrywer Christopher Hitchens skryf in sy boek, *god is not Great,* dat godsdiens gegrond is op wensdenkery en hy skryf spottenderwys van die "mitiese moraliteitsverhale van die heilige boeke" (bll. 4-6). Die Amerikaanse ateïs en neurowetenskaplike, Sam Harris, skryf in *The End of Faith* dat geloofsgebaseerde godsdiens, net soos alchemie, op pad is na die "begraafplaas van slegte idees". Hy beweer ook dat daar nie meer bewyse vir God of Satan is as wat daar vir Zeus is nie en dat godsdienstige geloof gebaseer is op 'n gebrek aan bewyse (bll. 13, 25, 232).

**Idees het gevolge**

In Amerika, 'n nasie wat eens gegrond was op Bybelse leerstellings, word gebed en Bybellees nou in klaskamers in skole deur die wet verbied. Die Tien Gebooie is uit openbare geboue *verban* en liberale teoloë sê openlik hulle glo nie meer in 'n persoonlike God of dat die Bybel goddelik geïnspireer is nie. Na dekades van anti-godsdienstige en anti-Christelike propaganda, het navorsers 'n "skerp afname in godsdienstige geloof in Brittanje bemerk" met meer mense wat *nie* in God glo nie as diegene wat wel glo (*Daily Mail*, 16 Desember 2009). In Amerika toon studies deur die Barna Groep dat die grootste groep wat hulle van die Christelikheid distansieer, die jonger volwassenes is. "Byna die helfte (48%) van alle Amerikaanse volwassenes tussen die ouderdomme van 18-28 is na-Christelik (*post-Christian*) en 40% van diegene tussen 29 en 47, val ook in dieselfde kategorie" (*Frontlines*, June 2013).

Daar kan 'n parallel waargeneem word tussen die afname van die godsdienstige geloof in Amerika en ander Westerse lande met 'n styging in maatskaplike siektetoestande en verdorwenheid. Gedrag wat voorheen afgekeur en gestraf is – lieg, steel, ontug, egbreuk en egskeiding – word nou bevorder as normaal. Gedurende die laaste paar jaar het politieke leiers, sekulêre akademici en liberale teoloë, wat deur die media ondersteun word, aanvaarding van homoseksualiteit en dieselfde-geslag huwelike aktief bevorder – praktyke wat die Bybel lank reeds as "boos" en as "'n gruwel" vir God bestempel het (Levitikus 18:22; 1 Korinthiërs 6:9-10). Dit is insiggewend dat hierdie "dapper nuwe progressiewe" aksies *berus op aannames* dat God nie werklik bestaan nie, die Bybel nie waar is nie en mense kan doen net wat hulle wil, sonder enige gevolge!

Net soos Bybelprofesieë die opkoms van die spotters in die laaste dae voorspel, openbaar talle Bybelprofesieë dat *ernstige gevolge aan die kom is* – veral vir Israelitiese nasies wat so ryklik

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

deur God geseën is. God het lank gelede Sy uitverkore volk gewaarsku dat as hulle Sy wette oortree, hulle sou "maai wat hulle saai" (Jeremia 2:17-19; Hosea 4:9). Moses waarsku die antieke Israeliete: "Maar *as julle nie na My luister* ... nie; ... en as julle siel van my verordeninge 'n *afsku* het, ... dan sal Ék ... verskrikking [terreur] oor julle beskik: ... sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, ... En Ek sal julle trotse mag verbreek" (Levitikus 26:14-33). Nadat Moses ver in die toekoms in gekyk het, waarsku hy: "Want ek weet dat julle ná my dood *gewis verderflik sal handel* en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die *onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom*, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronomium 31:29). Al hierdie dinge gaan gebeur omdat die eindtydse leiers van eens belydende Christelike nasies gekies het om te *spot* met die wette van God, Bybelse profesieë te *ignoreer* en die God van die Heelal *uit te daag*. Ongelukkig herken eindtydse spotters hulleself nie in Bybelprofesieë nie. Die werklike vraag is: Begryp *u* die betekenis van die antieke profesieë wat *vandag besig is om gestalte aan te neem?*

***—Douglas S. Winnail***


# Vervulde Profesie:
## God se Hand in Wêreldsake

***Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei?***

***Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar.***

***Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!***

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Wat is 'n ware Christen?

***Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self "Christelik" noem! Tog het hulle almal basiese verskille.***

***Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!


***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

Dan het ons natuurlik ook die Engelstalige *TomorrowsWorld.org* webwerf vir Engelssprekendes regoor die wêreld.

**Voorbereiding vir Christus se wederkoms**

Die grootste gebeurtenis wat nog ooit in die mens se geskiedenis sal plaasvind, gaan binnekort gebeur – die wederkoms van Jesus Christus! Hy sal terugkeer na die planeet Aarde as Koning van die konings en Here van die here. Hy sal die Koninkryk van God op aarde vestig en al die nasies sal hulle onderwerp aan Sy goddelike heerskappy wat wêreldvrede, voorspoed, geregtigheid, kalmte, vreugde en geluk sal verseker.

Jesus het Sy dienaars opdrag gegee om die weg vir Sy koms voor te berei, deur die verkondiging van die Evangelie van die Koninkryk van God en deur die Westerse nasies te waarsku aangaande hulle sondes en 'n volk vir die Here voor te berei (Lukas 1:17). Die personeel van die *Wêreld van Môre* strewe daarna om hierdie opdrag, soos Christus beveel het, uit te voer.

Ongelukkig wil die wêreld net eenvoudig nie hierdie oplossing vir sy onoplosbare probleme aanvaar nie. Die menslike natuur is strydig met die liefde en die wette van God. Waarom? Die apostel Paulus skryf: "... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Romeine 8:7).

**Sal die mensdom leer?**

God het byna 6,000 jaar aan die mensdom gegee om te eksperimenteer met sy eie vleeslike, selfsugtige lewenswyses. Daardie tyd is vinnig besig om tot 'n einde te kom! God het aan ons vryheid van keuse gegee om selfsugtige onafhanklikheid te kies, maar die mense wat kies om in stryd met Sy wette van liefde te lewe, sal op "die harde manier moet leer".

Selfs in die 21ste eeu, na twee wêreld-oorloë en talle plaaslike oorloë daarna, het ons nog nie die weg na vrede tussen nasies geleer nie. Waarom nie? Ons vind die antwoord in Romeine 3:17-18. Die apostel Paulus haal aan uit die profeet Jesaja en skryf: "... en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie".

Wanneer tragedies plaasvind, soek mense soms na God vir begrip en vertroosting. Volgens Barna Navorsing, het kerkbywoning na 11 September 2001 in Amerika met sowat 25% toegeneem, maar net twee maande later het 'n November meningspeiling getoon dat kerkbywoning "terug was na normale vlakke". (*How America's Faith Has Changed Since 9-11*, 26 November 2001).

Wanneer sal ons leer? Indien ons nie nasionaal sowel as individueel berou tot bekering toon nie, sal God op die ou einde 'n nuwe supermoondheid, waarna in die Bybel verwys word as "die dier", toelaat om ons Westerse

nasies te oorwin – met miljoene mense wat in ballingskap weggevoer sal word voordat Christus sal terugkeer om Sy Koninkryk te vestig en die nasies wat gevange geneem is weer vry te laat. Na Christus se wederkoms as Koning van die konings en Here van die here, sal die nasies te staan kom voor die werklikheid wat hulle eens verwerp het. Christus sal oor alle nasies regeer: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde” (Sagaria 14:9)! Gedurende daardie tyd sal al die nasies die weg na vrede by die Prins van Vrede leer (Jesaja 2:4, 9:6-7).

Daar is egter 'n manier om daardie toekomstige ballingskap vry te spring, indien u Christus toelaat om *nou* u lewe te regeer! God roep nou duisende mense om hulle van hulle vleeslike gesindheid te bekeer en om eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek (Mattheüs 6:33).

Elke jaar bring ons nader aan Christus se wederkoms na hierdie aarde. Ons weet dat Hy die Een is wat deure oopmaak vir die verkondiging van die Evangelie. “En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie” (Openbaring 3:7-8).

Geagte lesers, dank God vir die deure wat Christus nou besig is om oop te maak om aan al die nasies die heel belangrikste boodskap te verkondig wat hierdie sterwende wêreld nodig het. Die “Evangelie” beteken “goeie nuus”. Vertel ander mense van hierdie geopende deure op televisie en die Internet. Gaan voort met die voorbereiding vir Christus se wederkoms, die grootste gebeurtenis wat ooit in die ganse menslike geskiedenis sal plaasvind en bid daagliks: “Laat U Koninkryk kom!”

Richard F. Ames


# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**